

JJ en RSG

Garden World's JJ van Rensburg met Derrich Gardner

Luister graag elke Saterdag oggend op RSG na JJ met Derrich Gardener

29 Augustus 2009

DIS NOU SEPTEMBER EN NOU IS DIT BOOMPLANTMAAND.

ACACIA GALPINII of Apiesdoring soos dit bekend staan is een van die twee bome van die jaar. Dit is definitief die groter een van die twee en sal meer gepas wees vir groot tuine. Die boom is bladwisselend wat beteken dat hy vanaf April tot Julie sonder blare sal wees. Die plant is vinnig groeiend en kan 'n maksimum hoogte van 25 – 30m bereik met die sprei ongeveer 70% die hoogte. Romerige liggeel blomme sal gedurende September tot Oktober voorkom en Saad peule sal ongeveer Februarie tot Maart ryp word. Die twee mees belangrikste kenmerke van die Apiesdoring is die klein haakdoring en die papierbas agtige stam. Hierdie Akasia is ook baie gehard teen warm droë somers. Die lekker ding van 'n Apiesdoring is dat die skaduwee nie te dig is nie en dat plante nog goed onder die plant kan floreer, selfs grasperke word nie so erg geaffekteer nie.

Halleria lucida of Boom Fuchsia is die ander boom van die jaar. Hy is ook bekend as die kinderbessie. Dis 'n baie goeie boom om te plant in kleiner tuine. Eintlik immergroen maar as die winters koud is of as daar ryp is verloor die plant al sy blare. Dis nie noodwendig die ou tipiese enkel stam boom nie maar ly meer soos 'n groot groeiende struik. As mense graag voels na hulle tuine wil lok, is hiedie boom 'n moet. Hy maak langerige tuit agtige blomme wat nie net kos aan die suikerbekkies gee nie, maar ook aan ander voels soos glasogies. As die blomme verby is en afgeval het, word daar vruggies gevorm wat weer kos aan al die vrugtevretende voels en ander wildlewe bied. Die blomme en vrugte kom meeste van die jaar voor. Die plant is baie vinnig groeiend, maar groei nie baie groot nie. Normaalweg bereik dit 'n hoogte van ongeveer 6m en sprei omtrent dieselfde.

CLIVIA SKOU 12 &13 SEPTEMBER

22 Augustus 2009

1. Baie mense skakel my nou se dae en vra my oor die terugsny van Laventel plante. Ongelukkig groei Laventel bosse nie so vinnig uit as wat 'n mens sou wou hê nie en as jy dit terugsny tot op die harde hou kry jy maklik dat die hele stam terugvrek. Probeer eerder om dit gereeld terug te snoei as dit jonk is en as jy die ouer plante moet snoei, doen dit in fases.

2. Laat Augustus en vroeg September is nie net amper lente nie, maar ook tyd om jou grasperk te begin regkry voor die somer. Ek praat nou van 'n bolaag of soos dit ook in engels bekend staan as Lawndressing. Kikuyu is seker die gras wat die meeste geplant is in Suid Afrika. Nou vra baie mense watter tyd van die jaar is die beste tyd om dit te doen. Sodra dit nou begin warmer word kan jy maar begin om jou kikuyu of buffelsgras te behandel. Jou immergroen en skadugrasse word in die herfs of laat winter behandel en LM gras kry NOOIT 'n bolaag nie want dit versmoor maklik. Ek

gaan die grassoorte bespreek wat jy nou moet behandel. Eerste van alles moet jy jou grasperk kort afsny, jou grassnyer moet sommer op een of nul wees. Met die sny moet jy van die mat ontslae raak. Gebruik dan 'n gewone staal hark en trek die graslote wat nog daar oor is weer los en sny dit weer. As jy kan moet jy dan 'n tand roller, ook bekend as 'n spike roller, in die hande kry. Die spike roller word dan so ongeveer 4 keer oor die selfde area getrek, en as daar weer lote uitsteek, kan jy dit ook weer afsny. As jou grond by die huis baie hard is, en die roller nie lekker diep wil insak nie, kan jy die grasperk eers vir 'n halfuur natgooi. As die mat verwyder is, en ldie roller oor is moet jy eers 'n grasperk kunsmis soos 'n 3:2:1 SR of 'n 5:1:5 neergooi. Die bolaag moet dan egalig oor die grasperk versprei word so ongeveer 2 -3cm dik, dis nou ongeveer 'n halwe duim. Onthou nou om die gras goed nat te gooi. As jy nie na 'n kwekery toe kan gaan en voorafgemengde bolaag kan koop nie kan jy helfte bogrond meng met helfte kompos en dit gebruik. Onthou net dat die bolaag goed gesif en baie fyn moet wees.

15 Augustus 2009

1. Suid Afrika is die 27ste armste land in die wêreld wat waterbronne betref en ons weet nie wanneer die reën weer gaan kom nie, so ons moet kyk na hoe ons water kan bespaar en reg gebruik in elke tuin.

2. Rand Water het verskeie projekte saam met Water Wise en een van hierdie projekte is die Plant Me Instead projek. Hierdie projek is geloots om van om en by 200 indringers ontslae te raak. Hierdie indringers word IAP of Invasive Alien Plants genoem. Gaan kyk by jou naaste kwekery na die Water Wise initiatief en kyk wat jy kan plant. Die indringer plante is besig om van ons natuurlike woude oor te neem en is gewoonlik plante wat maklik self voortplant sonder enige hulp of kweek deur mese. Die sade leef gewoonlik lank en ontkiem maklik.

3. Ek gaan vinnig drie wenke gee oor wat jy kan doen om Water Wys te wees.
> As jy 'n sproeier vir die tuin moet aanskaf en jy woon in 'n winderige area of dalk langs die kus, kry vir jou 'n sproeier wat lag spuit en groot druppels het.
> Plant plante met dieselfde waterbehoeftes saam m.a.w. Zoneer jou tuin
> Verf die binnekant van porieuse potte soos byvoorbeeld klei potte met 'n seelaar uit om water verlies te voorkom.